

## 11 April      Psalm 23:5; Genesis 18:1-8; Genesis 19:1-11

### ***Die Here is my Gasheer - en ek is sy gas***

In Psalm 23:5 word die Here se genade met 'n verdere beeldspraak beskryf. "U berei die tafel voor my aangesig": Dit is 'n beskrywing van gasvryheid in die tipiese Ou Oosterse wyse. Uit Abraham se optrede (Gen. 18:1-8) leer ons meer hieroor. Hierdie beeldspraak druk die versorging van God vir sy kinders uit. Hy is ons Gasheer, ons sy gaste.

"Teenoor my teëstanders": Die gasheer het volle verantwoordelikheid aanvaar vir die veiligheid van sy gaste. Uit die geskiedenis van Lot (Gen. 19:1-11 en in besonder vers 8) blyk dit duidelik. In die beeldspraak word die Here se beskerming vir sy kinders uitgelig.

"U maak my hoof vet met olie": Die gasheer het sy gaste se voete laat was en hulle met 'n welriekende olie besprinkel. Uit Lukas 7:38 en 45:46 wat die geskiedenis beskryf van die vrou wat Jesus se voete salf, leer ons meer hieroor. Deur die handeling laat die gasheer sy gaste welkom voel en gee die versekering dat daar vir hulle plek is. Dit is die versekering wat God aan sy kinders gee deur die versoeningswerk van Jesus Christus (Joh. 14:1-3).

"My beker loop oor". Die beker wat oorloop dui op oorfloedige goedheid van die gasheer. So is die Here se genade aan sy kinders - oorfloedig in die versoening in Christus en in die werk van die Heilige Gees.

Sing: Skrifberyming 33:1

Dr. J. le Roux (Pretoria-Brooklyn)